Sponsored by JOCK AFGRI ANIMAL FEEDS VELDFORT Geborg deur

SABT • SABBA

SABT stig fonds om vervolgings oor afsit van sterte te beveg

SABBA establishes fund to fight tail-docking prosecutions

OPROEP OM ONDERSTEUNING - JY MAG DIE VOLGENDE WEES

CALL FOR SUPPORT - YOU MAY BE NEXT IN LINE

Dit blyk dat die Dierebeskermingsvereniging (DBV) toenemend besig is om Boerboeltelers te teiken vir vervolgings oor die afsit van hondjies se sterte. Telers van verskeie ander honderasse waarvan die sterte ook afgesit word, mag hulle in die toekoms in dieselfde posisie bevind.

Om hierdie rede het die SABT-Raad op 21 Mei 2011 besluit om aktief fondse in te samel en aan te wend ter ondersteuning van telers se reg om hulle hondjies se sterte af te sit, of te laat afsit.

Die SABT-veldtog behels onder meer dat die Vereniging:

- 'n Projek geloods het om fondse in te samel ter ondersteuning van geregistreerde telers van honderasse in Suid-Afrika waarvan die sterte tradisioneel afgesit word.
- 'n Spesiale bankrekening geopen het, wat slegs vir die *Pro Stertafsit-veldtog* aangewend sal word.
- 'n Bydrae sal maak tot die regskoste van deelnemende geregistreerde telers wat vervolg word oor die afsit van hulle hondjies se sterte.

Fondsbestuur en -reëls

1. Koos van der Westhuizen (Raadslid: Noord-Kaap) bestuur die *Pro Stertafsit-veldtog* namens die SABT-Raad. Rig navrae, voorstelle en aansoeke om bystand aan hom by mpos@hantam.co.za.
2. Fondse in die Spesiale bankrekening, sal slegs vir die *Pro Stertafsit-veldtog* aangewend word.
3. Die aanbevole intreebydrae is R1 000 per deelnemende geregistreerde teler. Die minimumbedrag wat van 'n teler aanvaar kan word, is R500. Nie telers sal ook by die veldtog baat en enige ondersteunende bydrae, is baie welkom.
4. Slegs geregistreerde telers van honderasse waarvan die sterte tradisioneel afgesit word, sal (gratis) regsadvies en finansiële bystand ontvang in geval van vervolging deur die DBV, of enige ander owerheid.
5. Die*Pro Stertafsit-veldtog* sal jaarliks geouditeerde verslae aan die SABT-AJV lewer. Indien daar in die toekoms nie meer 'n behoefte aan die veldtog is nie, sal voorstelle vir die aanwending van surplusfondse - indien enige - aan bydraers voorgelê word.
6. Die SABT-Raad (of `n aangewese bestuursliggaam) sal bystand volgens meriete en beskikbare op 'n gegewe tyd toeken.
7. Kwalifikasiekriteria vir ondersteuning sal gepubliseer word. Net telers van bewese etiese optrede sal bygestaan word.
8. Die SABTsal die veldtog gratis bestuur en slegs direkte uitgawes (soos regskostes of veeartsverslae) uit die Spesiale bankrekening verhaal.
9. Die SABT is as 'n organisasie sonder winsoogmerk geregistreer en die fonds is dus nie aan direkte belasting onderhewig nie. BTW van 14% van elke bydrae is egter aan die SA Inkomstediens betaalbaar.
10. Alle bydraes sal op die SABT-webtuiste erken word.

The Society for the Prevention of Cruelty against Animals (SPCA) appears to be increasing their targeting of Boerboel breeders in tail-docking prosecutions. Breeders of other docked breeds may soon find them in similar situations.

For this reason, the SABBA Board resolved on 21 May 2011, to actively raise funds for use in support of breeders' right to dock, or to have their puppies' tails docked.

The SABBA campaign includes that the Association:

- Launched a project to raise funds in support of registered breeders of traditionally docked dog breeds in South Africa.
- Opened a special bank account for use towards the *Pro Tail-docking campaign* only.
- Will contribute towards the legal costs of participating registered breeders.

Fund management and rules

1. Koos van der Westhuizen (Board member: Northern Cape) manages on behalf of the SABBA Board. Please direct enquiries, proposals and requests for assistance to Koos at mpos@hantam.co.za.
2. Funds in the Special bank account will be used for the *Pro Tail-docking campaign* only.
3. The recommended entry contribution is R1 000 per participating breeder. The minimum amount that can be accepted from breeders is, R500. Non-breeders will also benefit from the campaign, and any supportive contribution will be most welcome.
4. Only registered breeders of traditionally docked breeds will receive (free) legal advice and financial support in case of prosecution by the SPCA or any authority in future.
5. The *Pro Tail-docking campaign* will submit audited financial reports to the SABBA AGM annually. Should there no longer be a need for this campaign, proposals on the appropriation of surplus funds - if any - will be submitted to contributors.
6. The SABBA Board (or a designated management body) will support applicants according to merit, and the funds available at a given time.
7. Criteria for qualification of support will be publicised. Only breeders of proven ethical conduct will be assisted.
8. SABBA will manage the fund free of charge, and will recover only direct expenses (e.g. legal fees and veterinary reports) from the Special bank account.
9. SABBA is registered as an association not for gain, and the fund is therefore not subject to direct tax. However, VAT of 14% on every contribution is payable to the SA Revenue Service.
10. All contributions will be acknowledged on the SABBA website.

DONASIEVORM / DONATION FORM

http://www.sabt.co.za/press/TaildockingDonationForm.pdf
http://www.sabt.co.za/press/TaildockingDonationForm.doc